



KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT  
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY  
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING VIRTUEEL GEHOU OM 10:00 OP  
WOENSDAG 28 OKTOBER 2020 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP**

**MINUTES OF A SPECIAL COUNCIL MEETING HELD VIRTUALLY ON WEDNESDAY,  
28 OCTOBER 2020 AT 10:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS,  
BREDASDORP**

**RAADSLEDE / COUNCILLORS**

MNR	R J BAKER	
MNR	G D BURGER	
MNR	D J EUROPA	
MNR	C J JACOBS	
MNR	D JANTJIES	
ME	E C MARTHINUS	
MNR	J G A NIEUWOUDT	(Speaker)
ME	M OCTOBER	
ME	E L SAULS	
MNR	P J SWART	(Burgemeester)
ME	Z TONISI	(Onder-Burgemeester)

**AMPTENARE / OFFICIALS**

Mnr D O'Neill	Munisipale Bestuurder
Mnr H Van Biljon	Direkteur: Finansiële Dienste
Mnr A Jacobs	Direkteur: Infrastruktuurdienste
Mnr H Kröhn	Direkteur: Bestuursdienste
Mnr B Swart	Interne Ouditeur
Mnr G M Moelich	Bestuurder: Administrasie
Me T Stone	Afdelingshoof: Strategiese Dienste

1. **OPENING**

Die Speaker heet die teenwoordiges welkom en Raadslid Baker open met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE**

Geen.

**3. VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

- (i) Die Speaker bedank die Munisipale Bestuurder vir sy toewyding en goeie samewerking die afgelope aantal jare.
- (ii) Die Speaker meld dat die Raad in reses sal gaan vanaf 14 Desember tot 8 Januarie 2021.

**4. VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

- (i) Die Burgemeester meld dat daar binne die Raad 'n "post-Covid" fokus moet wees ten opsigte van werksgeleenthede, volgehoue besparings, die veiligheid van inwoners en die skep van innoverende geleenthede.
- (ii) Die Burgemeester spreek sy kommer uit oor die toename van Covid-gevalle binne die regsgebied (van 8 na 25).
- (iii) Die Burgemeester bedank die Munisipale Bestuurder vir sy suksesvolle leiding tydens "n era van sukses".

**5. ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING**

		<b>BLADSY</b>	
		<u>Agenda</u>	<u>Bylaes</u>
5.1	Settlement Proposal: Sea Shack	3 - 4	-
5.2	Huurooreenkoms: Meentgronde - KAM / Change Agri	5 - 7	1 - 5
5.3	Vervreemding (huur): Erf 538, Napier	7 - 8	6 - 7
5.4	Lease of erf 4078, Struisbaai: Omgee Groep & Onse Hoop	9 - 10	-
5.5	Quarterly Performance Report: 1 July 2020 to 30 September 2020	10 - 11	8 - 43
5.6	Municipal Planning Tribunal: Appointment of members	11 - 12	-
5.7	Jaarbeplanner: 2021	12 - 13	<i>Apart</i>
5.8	Versoek om KAM kantore op sekere dae binne Kersseisoen te sluit	13 - 14	-
5.9	Aanwys: MEO vir KAM	14	

**6. DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen.

**7. OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

Geen.

**8. OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

Geen.

**9. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen.

**10. SLUITING**

Die vergadering verdaag om 12:15

---

## 5. ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING

### 5.1 SETTLEMENT PROPOSAL: SEA SHACK (MM)

#### PURPOSE OF REPORT

To present the settlement proposal with regard to the legal actions instituted against the owners of the Sea Shack, who currently operates the business in contravention of the zoning as well as illegally occupying council property, to council for consideration.

#### BACKGROUND

Council concluded a lease agreement for the leasing of a portion of the seafront council property in Struisbaai in 2015 for a period of three years, extended by council decision for another period ending 30 April 2020. This extension was negotiated with a number of interested and affected individuals with the expressed condition that no further extensions will be considered. Council also approved a consent use to enable the Sea Shack to do business from the property up and to the date of the expiry of the agreed upon period of 30 April 2020, after which it will lapse/expire. Up until the writing of this report in October 2020, the Sea Shack remain in business and in possession of the property.

#### DISCUSSION

The view is held by the administration that the lease agreement as well as the consent use, as approved in December 2019 have expired. Hence the Sea Shack is illegally occupying council property as well as operating a business on same property without the necessary zoning approvals. After consultation between the lessees and the municipality, requesting them to vacate the property and cease doing business, contra the zoning, they made it clear that they are of the opinion that they still have a right to occupy the property, in terms of the original 2015 lease agreement, which had a renewal clause for a further three years. This matter was dealt with and they consented thereto by signing a lease agreement on a year to year basis, as approved by council ending in October 2019.

Hence council was left with no other alternative but to approach the relevant courts to enforce both its rights in terms of the expired lease agreement but also in terms of both local, provincial and national land-use legislation. An application for an interdict was instituted in the Magistrates Court, to prevent further trading, based on the expiry of the zoning and the lapse of the lease agreement. In this matter, the pleadings have closed and the matter was set down for hearing on 12 August 2020. Unfortunately the Magistrate was unable to hear the matter, due to an injury. The matter was postponed until 6 November 2020.

Further action relating to the repossession of land, based on ownership, was also instituted in the High Court. The Sea Shack owners defended this matter and launched an exception for the pleadings. The pleadings were amended and submitted and application will be made for a summary judgement to compel them to vacate the municipal land. It is estimated that this matter will serve before the court shortly.

#### **Subsequently the following e-mail was received by the Mayor on 12 October 2020:**

*"Met verwysing na ons onlangse telefoniese gesprekke, bevestig ons dat Seashack bereid is om die aangeleentheid op die volgende basis te skik:*

*Ons gaan voort om die huidige restaurantbesigheid te bedryf met ons laaste besigheidsdag op Sondag 2 Mei 2021. Alle verbeterings sal verwyder word en die perseel sal teruggehandig word aan die Munisipaliteit in die toestand waarin ons dit ontvang het teen nie later nie dan 30 Junie 2021.*

*Die Munisipaliteit gaan voort om onmiddellik die Landdroshof en Hooggeregshof litigasie teen Seashack terug te trek onderhewig daaraan dat elke party sy eie koste betaal.*

*Ons sal graag wil voortgaan om slegs die roomyskiosk te okkupeer en van daar handel te dryf (onthou dat ons inderdaad die nodige toestemmingsgebruik daarvoor het) vir 'n verdere periode van twee jaar in terme van 'n nuwe Huurkontrak waar die huurgeld betaalbaar aan die Munisipaliteit R 5000 per maand sal beloop (terme onderhandelbaar).*

*Die ontwikkelaar van Erf 230 het bevestig dat al bogenoemde reëlings (insluitend die verdere verhuring van die roomyskiosk) sy goedkeuring wegdra. Hy is bereid om dit skriftelik te bevestig.*

*Geliewe julle aanvaarding van bogemelde voorstelle skriftelike te bevestig.*

*Hierdie voorstelle word sonder benadeling van ons regte gemaak en in 'n poging om al die onaangenaamhede eens en vir altyd tot 'n einde te bring.*

*Groete, PK van Wyk*

*Namens Absolute Marine Adventures CC t/a Struisbaai Seashack"*

### **FINANCIAL RESPONSIBILITIES**

Joint costs to date for the municipality amounts to R104 644,64 and a cost order will be requested from the courts as part of their judgement in an effort to recoup it, should council successfully defend the actions in both courts.

### **PERSONNEL IMPLICATIONS**

None at present.

### **MANAGEMENT RECOMMENDATION**

That Council considers the settlement proposal received from the owners of the Sea Shack, taking into account the above information as well as the legal advice.

***DIE SPEAKER STAAN 'N KOUKUS VAN 15 MIN TOE.***

### **NA DIE KOUKUS WORD DIE VOLGENDE VOORSTELLE GEMAAK**

(i) **VOORSTEL 1 - Raadslid Swart:**

Dat die aangeleentheid van die agenda verwyder word en dat daar 'n gesprek plaasvind met alle partye en hul regsverteenvoerders.

**Ondersteun:** Raadslede Burger, Tonisi, October, Sauls en Raadsheer Nieuwoudt

(ii) **VOORSTEL 2 - Raadsheer Jantjies:**

Dat die aangeleentheid afgehandel word.

**Ondersteun:** Raadsdame Marthinus en Raadslede Europa, Baker en Jacobs

Na die uitbring van stemme, word die volgende besluit geneem:

### **BESLUIT 180/2020**

Dat die aangeleentheid van die agenda verwyder word en dat daar 'n gesprek plaasvind met alle partye en hul regsverteenvoerders.

***(Rdd Marthinus, Rdd Jantjies en Raadslede Baker, Europa en Jacobs teken hulle teenstem aan.)***

## 5.2 HUUROORENKOMS: MEENTGRONDE - KAM / CHANGE AGRI

### DOEL VAN VERSLAG

Om te oorweeg om die bestaande ooreenkoms tussen KAM en Change Agri te verleng, na die uitvoering van die vorige Raadsbesluit.

### AGTERGROND

Daar bestaan 'n huurooreenkoms tussen Kaap Agulhas Munisipaliteit en Change Agri (Pty) Ltd vir die huur van 'n gedeelte van erf 1148, Bredasdorp met 'n grootte van ongeveer 302Ha. Die grond bestaan uit kampe 12, kampe 14 - 17 en kampe 19 - 20. Die ooreenkoms is op 20 Mei 2019 deur alle partye onderteken vir 'n huurtermyn van 2 jaar, beginnende op 1 Mei 2019 tot 30 April 2021.

Die Raad het 'n skrywe van Change Agri ontvang waarin versoek word om die bestaande ooreenkoms te verleng tot 9 jaar en 11 maande. Die rede wat aangevoer word is sodat 'n deeglike saai-program in plek gestel kan word (ook vir die bewaring van grond) en sodat Change Agri volledige ontwikkelingsplanne vir opkomende boere kan instel. In die afgelope 14 maande is baie geld reeds gespandeer aan die opgradering van omheinings en die ontbossing van verskeie dele van die grond, wat ook die gedeeltes langs die treinspoor insluit. Change Agri het reeds 'n verlenging van 'n kontrak gekry vir kamp 17, waarop "kweektonnels" opgerig gaan word vir die kweek van meerjarige plantgewasse.

***Kennisgewing van die Raad se voorneme om die ooreenkoms te verleng is geadverteer ingevolge die vorige Raadsbesluit. Die Wykskomitee ondersteun die aansoek.***

### FINANSIËLE IMPLIKASIE

Jaarlikse stabiele inkomste van 'n huurbedrag van R204 281,61 met 'n eskalاسie van 5% per jaar.

#### **Huur wat van toepassing sal wees, is soos volg:**

Tans	R204 281.61 per jaar	(Bedrag tans betaalbaar)
Jaar 1	R294 110.25	(Infasering/vestiging + 5% eskalاسie)
Jaar 2	R432 342.07	(Infasering/vestiging + 5% eskalاسie)
Jaar 3	R648 513.10	(Infasering/vestiging + 5% eskalاسie)
Jaar 4	R680 938.76	(+ 5% eskalاسie)
Jaar 5	R714 985.69	(+ 5% eskalاسie)
Jaar 6	R750 734.98	(+ 5% eskalاسie)
Jaar 7	R788 271.73	(+ 5% eskalاسie)
Jaar 8	R827 685.31	(+ 5% eskalاسie)
Jaar 9	R869 069.58	(+ 5% eskalاسie)
11 maande	R836 479.47	(+ 5% eskalاسie vir 11 maande)

### REGSIMPLIKASIE

Dat 'n nuwe ooreenkoms opgestel en onderteken word.

### PERSONEEL IMPLIKASIE

Geen.

### KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE

Die Wykskomitee ondersteun die aanbeveling en dat daar gereeld verslag gedoen word.

**RAADSBESLUIT 124/2020: 27 AUGUSTUS 2020**

- (i) *Dat die Raad in-beginsel goedkeuring gee vir die wysigings aan die bestaande ooreenkoms tussen KAM en Change Agri.*
- (ii) *Dat die Raad kennis neem van die versoek van Change Agri om die meentgronde vir 9 jaar en 11 maande te huur.*
- (iii) *Dat 'n addendum tot die bestaande huurooreenkoms met Change Agri aangegaan gevoeg word om die termyn te verleng met 9 jaar en 11 maande.*
- (iv) *Dat die voorwaardes, soos vervat in die bestaande ooreenkoms met Change Agri, steeds van krag bly.*
- (v) *Dat die eienaarskap van Change Agri vanaf die "kommersiële-boere-vennote" na die "opkomende-boere-vennote" oorgedra sal word sodat die opkomende boere op hul eie volhoubaar kan boer nadat die ooreenkoms tussen KAM en Change Agri uitgeloop het.*
- (vi) *Dat 'n volledige plan van die oorhandiging van aandeelhoudersbelang aan die Raad voorgelê word.*
- (vii) *Dat 'n volledige publieke deelname proses gevolg word en daarna weer aan die Raad voorgelê word vir finale oorweging.*
- (viii) *Dat jaarliks aan die Finans- en IT Dienste Komitee verslag gedoen word aangaande die bedryf.*

**BESTUURSAANBEVELING: 29 SEPTEMBER 2020**

- (i) Dat Raadsbesluit 124/2020 van 27 Augustus 2020 bekragtig word.
- (ii) Dat die Raad kennis neem dat daar, na advertering geen kommentaar/beswaar ontvang is nie.
- (iii) Dat 'n nuwe ooreenkoms met Change Agri aangegaan word vir die termyn van 9 jaar en 11 maande.
- (iv) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die ooreenkoms namens die Raad te onderteken.

**RAADSBESLUIT 158/2020: 29 SEPTEMBER 2020**

Dat die aangeleentheid terugverwys word sodat beswaarmakers se insette aan die Raad voorgelê kan word tydens die volgende Raadsvergadering.

**SKRYWES ONTVANG NA ADVERTERING**

Drie skrywes is ontvang nadat 'n advertensie van die Raad se voorneme plaaslik gepubliseer is. Die skrywes was van CK Services (Pty) Ltd, UmhlabaWobizo en AGV Boerdery (Edms) Bpk en word aangeheg op **bladsy 1 tot 3**.

Die inhoud van die skrywes fokus rondom die verhuring aan 'n maatskappy wat, na hul mening, nie as opkomend of as klein boere, geklassifiseer kan word nie. Verder word die mening ook deur hulle gehuldig dat die hier nie bemagtiging gaan plaasvind nie. Dan word daar ook bewerings gemaak dat die grond aan spesifiek Umhlaba Wobizo belowe was.

Die oorhoofse rede vir die beswaar is dat Change Agri nie 'n bemagtigings-boerdery organisasie is nie en inligting word verder versoek rakende die verhuringproses waar daar blyk verwarring oor te wees. Die besware kan bygelê word deur die proses van verhuring skriftelik aan die beswaarmakers deur te gee. Verder kan die raad oorweeg om Agri Change te versoek om die aandeel toedeling van die verskillende aandeelhouders in die maatskappy bekend te maak aan die beswaarmakers en sodoende te bevestig dat daar wel bemagtiging van kleinboere gaan plaasvind. Die raad kan ook as deel van die goedkeuring, voorwaardes stel vir gereelde rapportering en 'n opskortende klousule binne die huurkontrak inbring, dat die kontrak verval indien die aandele van die bemagtigingsvennote minder word as die van die mentor in die projek.

**BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat Raadsbesluit 124/2020 van 27 Augustus 2020 bekragtig word.
- (ii) Dat die Raad kennis neem van die skrywes ontvang na advertering.
- (iii) Dat 'n nuwe ooreenkoms met Change Agri aangegaan word vir die termyn van 9 jaar en 11 maande.
- (iv) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die ooreenkoms namens die Raad te onderteken.

**AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) Dat die Raad kennis neem van die samestelling van aandeelhouders van Change Agri, soos verskaf deur hul ouditeure (aangeheg op **bladsy 4 en 5**).

**DIE VOLGENDE VOORSTELLE WORD GEMAAK****(i) VOORSTEL 1 - Raadsdame Marthinus:**

Dat die aangeleentheid weer geadverteer word.

**Ondersteun:** Raadslede Baker en Europa

**(ii) VOORSTEL 2 - Raadsheer Jantjies:**

Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee aanvaar word.

**Ondersteun:** Rdl'e Burger, Swart, Sauls, Tonisi, October en Raadsheer Nieuwoudt

Na die uitbring van stemme, word die volgende besluit geneem:

**BESLUIT 181/2020**

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

***(Rdd Marthinus en Raadslede Baker en Europa teken hulle teenstem aan omrede die Raad nie vir elke opkomende boer 'n gelyke geleentheid bied nie.)***

**5.3 VERVREEMDING (HUUR): ERF 538, NAPIER (BAO)****DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk om erf 538, Napier plus verbetering tydelik te verhuur tot einde Januarie 2021 aan "Napier Amateur Dramatic Society".

**ALGEMENE INLIGTING**

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Erf 538, Napier
Huidige sonering	:	Civic & Social
Erf Grootte	:	1 723m <sup>2</sup>
Ligging	:	h/v Van Der Byl- en Kragstraat, Napier
Liggingsadres	:	27 Kragstraat

**AGTERGROND**

Verskeie versoeke en aansoeke word gereeld ontvang om die genoemde eiendom te huur / te gebruik. Daar bestaan tans 'n huurooreenkoms met me J C Jansen van Rensburg wat handel as "Saplings & Seedlings Nursery School" vanaf 1 Februarie 2019 tot 31 Desember 2021 (3 jaar ooreenkoms). Die gebou word verhuur teen R500,00/m met 'n eskalاسie van 5% per jaar. Die huurgeld wat agterstallig was, is bykans ten volle betaal.

**Die Raad het op 29 September 2020 die volgende besluit geneem:**

**"BESLUIT 156/2020**

- (i) *Dat die bestaande huurooreenkoms met "J C Jansen van Rensburg t/a Saplings & Seedlings Nursery School" onmiddelik gestaak word, volgens voorwaarde 20 vervat in die ooreenkoms.*
- (ii) *Dat die genoemde eiendom voetstoots soos op 10 September 2020 per PUBLIEKE TENDER VERVREEM WORD (met die munisipale waardasie as die insetprys).*
- (iii) *Spesifieke tendervoorwaardes moet opgestel word wat onder andere kan insluit, gebruike soos 'n kleuterskool en gemeenskapsfasiliteite.*
- (iv) *Dat die agterstallige rekening aan die raad se invorderaars oorhandig word vir invordering.*
- (v) *Dat die bestaande huurder dienoooreenkomsig ingelig word.*
- (vi) *Dat die aangeleentheid aan die Raad voorgelê word vir oorweging."*

**NUWE AANSOEK VAN BESTAANDE OKKUPEERDER**

Die persone wat tans die gebou gebruik (NADS - Napier Amateur Dramatic Society) het die Raad versoek om STEEDS die gebou te huur tot einde Januarie 2021, om die volgende redes (sien aangehegte e-pos op **bladsy 6 en 7**):

1. Deel van "The Over-Ed Centre" which mentors youth in the Overberg.
2. Each year a concert in Napier (2020 concert will be held in the garden of plot 538, Napier).
3. Need some time to find alternative storage for props and costumes.
4. They share the space with the community (yoga classes and Napier Retirement Village use it for Chi Gong).

**KOMMENTAAR****Eiendomsadministrasie:**

Die bekommernis bestaan dat indien die gebou sal leeg staan vanaf 1 November 2020 tot einde Januarie 2021, vadalisme sal plaasvind wat die fasiliteit se waarde tydens die veiling sal verlaag (lesse geleer uit erf 560, Napier). Daar is reeds belangstelling om die gebou te koop, soos deur die Raad besluit in September 2020.

**FINANSIËLE IMPLIKASIES**

Huurinkomste van R500/m.

**WETLIKE IMPLIKASIES**

Geen.

**BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat die Raad kennis neem van die aansoek.
- (ii) Dat die bestaande huurooreenkoms in plek bly tot einde Januarie 2021, met alle bestaande voorwaardes.
- (iii) Dat die eiendom gedurende Februarie 2021 per tender beskikbaar gestel word.

**BESLUIT 182/2020**

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.



#### 5.4 LEASE OF ERF 4078, STRUISBAAI: OMGEE GROEP AND ONSE HOOP COMMUNITY CENTRE (WARD 5)

##### PURPOSE OF REPORT

To buy/rent a plot from the municipality, plot 4087 in Struisbaai to use as a "safehouse".

##### BACKGROUND

Provision was made on the 2020/21 budget for an allocation of R150 000 to each ward to be used for projects to be decided on by the Ward Committee. The Ward 5 Committee resolved that they wanted to allocate R30 000 for a safe house for 4 homeless people who are currently living at the harbour. The committee identified Erf 4078, Struisbaai as a potential site for the safehouse. The property is currently zoned as public open space.

The intention is to erect a wendy house with an ablution facility. The wendy house will be donated. Nominal rental to be charged.

##### **Names of service provides for the Safehouse in Struisbaai, includes:**

1. Onse Hoop Community Centre, they will play the leading role in managing of the house and will sign the lease agreement; and in conjunction with DSD, help the residents of that house with possible integration if possible with their extended families.
2. Meals on Wheels, periodically provide food.
3. Omgee Groep, periodically provide food, blankets, toiletries.

##### UITTREKSEL VAN WYK 5 SE KOMITEEVERGADERING VAN 20 AUGUSTUS 2020

##### **"1. SAKE VOORTSPRUITEND: NOTULE VAN 4 AUGUSTUS 2020:**

##### **1.1 Safe House**

*'n Geskikte plek moet geïdentifiseer word ten einde die voorgenome Wendyhuis vir haweloses op te rig. Finansies vir die Wendyhuis soos per 6.1. Die plek moet ook omhein word of reeds wees. Deurlopend. Sien punt 2 van Item 11.1*

##### **2. NUWE SAKE/ALGEMEEN**

##### **2.1 Spandering : Wykskomiteebegroting R150 000,00**

<b>1</b>	<i>Dorpsingangsverfraaiing</i>	<i>R 50 000-00</i>
<b>2</b>	<i>Safe House(daklose mense)</i>	<i>R 30 000-00</i>
<b>3</b>	<i>Blomtuinkompetisie</i>	<i>R 10 000-00</i>
<b>4</b>	<i>Hulp : Uitsonderlike gevallle van nood</i>	<i>R 10 000-00</i>
<b>5</b>	<i>Eindjaarfunksie</i>	<i>R 10 000-00</i>
<b>6</b>	<i>Groentetuinprojek</i>	<i>R 30 000-00</i>
<b>7</b>	<i>Vrouebreiprojek</i>	<i>R 5 000-00</i>
<b>8</b>	<i>Tekorte</i>	<i>R 5 000-00</i>
	<b>Totaal</b>	<b>R 150 000-00</b>

*Die Voorsitter bespreek en stel voor dat die geld van die Ingangsverfraaiing aangewend word vir salarisse(EPWP) van arbeiders R7 200 Toesighouer R2 500, Lig aanbring agter naambord by ingang R5 000, Grond en kunsmis R10 000, Bome, struik en plante R20 000 en verfraaiing by Biblioteek se hoek R 5 000. Uitleg is bekikbaar : opgestel deur Astrid. Te Laan tot asgate se ingang.*

**Besluit: Bewaringsvereniging sal van hulp wees en hulp en betrokkenheid van die gemeenskap moet versoek word, veral kinders. Vergadering met bestuur sal deur Adam Gerber gereël word.**

**2.2 Safe House : Omgeesentrum:**

Wendy 3mx9m	R 18 000-00
Inruiming : wasbak, spieël, ens	R 12 000-00
<b>Totaal</b>	<b>R 30 000-00</b>

*Dit is 'n Opheffingsprojek. Lewens moet heel gemaak word. KAM sal ondersteuning bied by oprigting. Meals on Wheels, maatskaplike werkers, kerkleiers en die gemeenskap moet betrokke raak by rehabilitasieproses.*

**Besluit: Brief moet gerig word aan alle kerkenominasies ten einde geestelike leiers te betrek by daadwerklike bearbeiding van die haweloses wat tydelik daar gehuisves sal word. Voorsitter sal met Saloma skakel en publiek nader vir donasies. Grond vir oprigting van Wendy moet ook geïdentifiseer word. Mnr Gertse sal kontaknommers deurgee en met kerkraad bespreek."**

**FINANCIAL IMPLICATION**

Minimum income for the rental of the property (uitgawe van R30 000, soos bo genoem)

**LEGAL IMPLICATION**

All legal processes must been follow, like sub division of the plot, transfer and rezoning for the cost of the buyer.

**DEPARTMENTAL INPUTS****Building controle**

**Water / Infrastructure:** Die erf is geleë in die bestaande HOP-area en het toegang na 'n formele straatreserwe.

**Town planning:** Die erf is tans Oopruimte gesoneer. Die Kaap Agulhas Geïntegreerde Soneringskema maak voorsiening dat daar aansoek gedoen kan word vir n Institusionele gebou as vergunningsgebruik as die primêre gebruik op die eiendom nog uitgeoefen word, andersins sal daar 'n sluiting, hersonering na publiek en sosiaal en afwyking van die toepaslike boulyne voor aansoek gedoen moet word om die grondgebruik te kan akkommodeer.

**Property management:** Die bekommernis bestaan dat indien hierdie aansoek goedgekeur gaan word, dit 'n president kan veroorsaak waartydens alle hawelose mense op enige oop erf in 'n tydelike struktuur geplaas kan word. Die omliggende eienaars se insette is van kardinale belang.

**MANAGEMENT RECOMMENDATION**

For discussion and decision making by Council.

**RESOLUTION 183/2020**

- (i) Dat die Raad die projek in-beginsel ondersteun.
- (ii) Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir insette en konsultasie met omliggende eienaars waarna dit weer aan die Raad voorgelê sal word.

**5.5 QUARTERLY PERFORMANCE REPORT FOR THE QUARTER 1 JULY 2020 TO 30 SEPTEMBER 2020****PURPOSE OF REPORT**

To present the quarterly performance report of the Municipality for the first quarter of the financial year (1 July 2020 - 30 September 2020).

### **PERFORMANCE FRAMEWORK AND MONITORING**

The Executive Mayor approved the Top Layer SDBIP for 2020/21 on 25 June 2020. The SDBIP is a layered plan comprising a Top Layer SDBIP and Departmental SDBIPs.

Performance reporting on the top layer SDBIP is done to the Council on a quarterly, half yearly (Mid-year Budget and Performance Assessment Report) and annual basis (Annual Report).

Any amendments to the Top Layer SDBIP must be approved by Council. This is generally done following the submission of the Mid-year Budget and Performance Assessment Report and the approval of the adjustment budget.

### **DISCUSSION**

The report is attached as Annexure on **page 8 to 20**.

### **FINANCIAL RESPONSIBILITIES**

None.

### **PERSONNEL IMPLICATIONS**

None.

### **MANAGEMENT RECOMMENDATION**

- (i) That the quarterly performance report for the quarter (1 July 2020 to 30 September 2020) be noted.
- (ii) That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report, attached on **page 21 to 43**, which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

### **RESOLUTION 184/2020**

That the management recommendation be accepted as a resolution of Council.

## 5.6 **MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL: APPOINTMENT OF A NEW CHAIRPERSON, DEPUTY CHAIRPERSON AND AN INTERNAL MEMBER FOR ANOTHER TERM**

### **PURPOSE OF REPORT**

For Council to approve the appointment of the new Municipal Manager, Mr Eben Phillips as the chairperson of the Municipal Planning Tribunal, as well as the appointment of Mr Francois Kotze as an external member for another term, and the nomination of a Deputy Chairperson.

### **LEGAL FRAMEWORK**

- Spatial Planning and Land Use Management Act, Act 16 of 2013 (SPLUMA) Section 35 - 39
- Regulation 239 of the Spatial Planning and Land Use Management Act, Act 16 of 2013

### **BACKGROUND**

A municipality must in terms of section 35 of SPLUMA establish a Municipal Planning Tribunal for its Municipal area to determine land use and land development applications within its municipal area that are categorised as determinable by the Municipal Planning Tribunal.

The composition of the Municipal Planning Tribunal in terms of section 36 (3) of SPLUMA must consist of at least 5 members. The Municipal Council must designate a member of the tribunal as chairperson, and another as deputy chairperson to act as chairperson when the chairperson is absent or unable to perform his duties.

The members are appointed for 5 years or a shorter period as may be determined by the Council but may not be appointed for a continuous period exceeding 10 years. The Council has approved 5 year terms for its members.

**The composition of the Municipal Planning Tribunal changes from time to time and is currently as follows, following the last amendment whereby Mr H Krohn was appointed (RESOLUTION 99/2019):**

Chairperson:	Mr Dean O'Neill (June 2017 - Resolution 148/2017)
Internal Members:	Mr Abdul Aziz Jacobs (July 2018 – Resolution 105/2018) Mr Hendrik Krohn (July 2019 - Resolution 99/2019)
Secundii:	Mr Deon Wasserman (May 2017 - Resolution 104/2017) Ms Tracey Stone (May 2017 - Resolution 104/2017)
External Members:	Mr Francois Kotze (Overberg District Municipality) (September 2015 - Resolution 239/2015) Mr Jeremy Benjamin (DEADP) (May 2017 - Resolution 104/2017)
Secundi:	Mr Ron Brunings (Swellendam Municipality) (May 2017 - Resolution 104/2017)

### **DISCUSSION**

The following amendments to the Municipal Planning Tribunal are proposed:

- The Municipal Manager, Mr D O'Neill tendered his resignation and leaves the Municipalities service on 31 October 2020. Mr Eben Phillips has been appointed Municipal Manager with effect from 2 November 2020, and it is proposed that he be appointed as Chairperson.
- The five year term of one of the external members, Mr Francois Kotze from the Overberg District Municipality's has expired, and it is proposed that he be re-appointed for a further period of 5 years subject to the approval of the Overberg District Municipality.
- The previous appointment of a Deputy Chairperson was in September 2015, where the Director Community Services was appointed, a position no longer on the structure. It is proposed that the Director Infrastructure Services, Mr Abdul Aziz Jacobs Be appointed as Deputy Chairperson.

### **MANAGEMENT RECOMMENDATION**

- (i) That Council appoint the Municipal Manager, Mr Eben Phillips as Chairperson of the Municipal Planning Tribunal with effect from 2 November 2020.
- (ii) That upon the first appointment of the above member to the Municipal Planning Tribunal a notice be published to that effect in the Provincial Gazette, in terms of the act.
- (iii) That Mr Francois Kotze of the Overberg District Municipality be appointed for a further period of 5 years subject to the approval of the Overberg District Municipality.
- (iv) That the Director: Infrastructure Services, Mr Abdul Aziz Jacobs be appointed as Deputy Chairperson of the Municipal Planning Tribunal.

### **RESOLUTION 185/2020**

That the management recommendation be accepted as a resolution of Council.

## 5.7 **JAARBEPLANNER: 2021 (BAO)**

### **DOEL VAN VERSLAG**

Om die Raad se jaarbeplanner vir vergaderings vir 2021 te oorweeg.

### **AGTERGROND**

Die jaarbeplanner van die Raad word jaarliks deur Komiteedienste opgestel om die beplanning van vergaderings te koördineer.

'n Voorlopige beplanner is na rolspelers gesirkuleer en nadat insette in berekening gebring is, word die volledige dokument aan die Raad voorgelê vir oorweging (***sien dokument apart aangeheg***).

### **FINANSIËLE IMPLIKASIE**

Geen.

### **ANDER ROLSPELERS GENADER**

Alle Raadslede, Munisipale Bestuurder, Direkteure en Departementshoofde.

### **BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat die aangehegte skedule as beleidsraamwerk van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat die skedules op strategiese plekke binne die Raad se lokale vertoon en versprei sal word.

### **AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

### **BESLUIT 186/2020**

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

## 5.8 **VERSOEK OM KAAP AGULHAS MUNISIPALE KANTORE OP SEKERE DAE BINNE KERSSEISOEN TE SLUIT**

### **DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk om Raadskantore op sekere dae binne die Kersseisoen te sluit.

### **AGTERGROND**

Kaap Agulhas Munisipaliteit se kantore was die afgelope aantal jare slegs tot 13:00 op 24 Desember oop.

'n Versoek deur die Plaaslike Arbeidsforum word aan die Raad gerig om goedkeuring te verleen dat alle kantore binne Kaap Agulhas Munisipaliteit vanaf **Donderdag, 24 Desember 2020 om 13h00 tot Donderdag 31 Desember 2020** gesluit word en weer heropen op **Maandag 4 Januarie 2021 om 08h00**

Alle bystand personeel sal steeds op diens wees, asook alle nood-funksies. Telefoniese navrae sal steeds deur die Bystandpersoneel hanteer word. Voorafkennisgewings en ander kommunikasie metodes (SMS, Facebook, Twitter, Webtuiste) sal gebruik word om die publiek dienooreenkomstig in te lig.

**Daar is verskeie betaalpunte wat vir die publiek beskikbaar sal wees waar rekeninge betaal kan word, naamlik:**

- Bredasdorp: Checkers, Poskantoor, Spar
- Napier: OK

- Struisbaai: Oord
- L'Agulhas: Oord
- Waenhuiskrans: Oord
- Klipdale: Poskantoor
- Protem: Poskantoor
- Internet en Direkte Bank Inbetalings

### **BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat alle kantore van Kaap Agulhas Munisipaliteit vanaf **Donderdag 24 Desember 2020** om **13h00** tot **Donderdag 31 Desember 2020** gesluit word (**4 werksdae**).
- (ii) **Dat die Raad 2 dae** as erkenning aan die personeel toestaan en dat die personeel **2 dae** jaarlikse verlof insit.
- (iii) Dat alle kantore op **Maandag 4 Januarie 2021** oop sal wees vir die publiek.
- (iv) Dat vooraf kennisgewings en ander kommunikasie metodes (SMS, Facebook, Twitter, Webtuiste) gebruik sal word om die publiek dienooreenkomstig in te lig.
- (v) Dat alle buitendienste sal voortgaan soos geskeduleer.
- (vi) Dat telefoniese navrae steeds deur die Bystandpersoneel hanteer sal word.

### **BESLUIT 187/2020**

- (i) Dat alle kantore van Kaap Agulhas Munisipaliteit vanaf **Donderdag 24 Desember 2020** om **13h00** tot **Donderdag 31 Desember 2020** gesluit word (**4 werksdae**).
- (ii) Dat die personeel 4 dae vakansieverlof sal neem vanaf 28 tot 31 Desember 2020.
- (iii) Dat alle kantore op **Maandag 4 Januarie 2021** oop sal wees vir die publiek.
- (iv) Dat vooraf kennisgewings en ander kommunikasie metodes (SMS, Facebook, Twitter, Webtuiste) gebruik sal word om die publiek dienooreenkomstig in te lig.
- (v) Dat alle buitendienste sal voortgaan soos geskeduleer.
- (vi) Dat telefoniese navrae steeds deur die Bystandpersoneel hanteer sal word.

#### 5.9 **AANWYS: MEO VIR KAM**

Aangesien mnr O'Neill die Raad se diens verlaat, word aanbeveel dat mnr Eben Phillips voortaan as die MEO van KAM sal optree.

### **BESLUIT 188/2020**

- (i) Dat die Munisipale Bestuurder, mnr Eben Phillips aangestel word as MEO van KAM.
- (ii) Dat die OVK dienooreenkomstig ingelig word.

Hierna verdaag die vergadering om 12:15

BEKRAGTIG op hierdie

dag van

**2020**

---

**SPEAKER**

**DATUM:**